

SIEKTE

My hele gesin het een of ander siekte. Hoe is dit met jou gesin gesteld? Met siekte bedoel ek hier nie net liggaamlike siekte nie, maar veral geestelike siekte. Dalk sou jy sê daar is heelwat lede van jou gesin wat gesond is? Dalk moet jy eers hier lees en dan weer besluit?

Paulus sê in Romeine 3 dat daar nie een mens regverdig of verstandig is of na die wil van God vra nie. Selfs nie een nie. Daar is ook nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie. In Romeine 7 gaan hy voort en sê dat die goeie wat hy wil doen, hy nie doen nie, maar die slegte wat hy nie wil doen nie, juis dit doen hy. Dan breek Paulus in berou uit: “Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?” Paulus beskryf op heelwat plekke sy geestelike siekte en praat van homself as die ontydig geborene of misgeboorte. Hy bid vir sy genesing van geestelike en liggaamlike siektes waarop die Here een keer, so sê hy, hom antwoord: “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” As Paulus siek is, is hy sterk!

In Johannes 8 genees Jesus ‘n vrou wat op owerspel betrap is, en sê vir haar om nie weer owerspel te pleeg nie. In die proses het Hy hopelik ook ‘n paar van die skrifgeleerdes en Fariseërs van hulle geestelike siekte genees met sy woorde: “Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste klip op haar gooi.” Matteus 18 verhaal van die siekte van Jesus se dissipels wat vra “Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?” Vir hulle genesing skryf Jesus ‘n hartsverandering vir hulle, en ons, voor: ons moet soos kindertjies word. Onself gering ag. Kinderlik vertrou. Met ons hele hart. Maar ook waak, want uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals getuigenis, kwaadpraterij(Matteus 15).

Die Bybel is vol van genesings van liggaamlike siektes. In Johannes 5 lees ons van Jesus se genesing by Betesda van ‘n man wat 38 jaar lank siek was. Dit nogal op die sabbat! Hy lyk my kon egter nie die Jode genees van hulle skewe siening van die sabbat nie. Ons moet goed doen op die Sondag, nie lyste optrek van wat ons nie mag doen nie. In Matteus 8 word beskryf hoe Jesus Petrus se skoonma van ‘n hoë koors genees en toe daar ook baie ander geestelike en liggaamlike siekes genees.

Reeds in Deuteronomium 32 sê die Here: “Ek maak siek en Ek maak gesond.” In Jeremia 30: “Ek sal jou gesond maak, jou wonde genees.” God genees ons deur die bloed van ons Here Jesus Christus: “Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees.”(1 Petrus 2)

O Enigste Geneesheer, genees my en my gesin tog van al ons geestelike en liggaamlike siektes!
Amen

Jan Lubbe

